


LEES IN HIERDIE SIKELFLITS


- Sterf & Opstaan 2
- Wanneer vind Paasfees plaas? 3
- Paasfeestradisies 3
- Boekgroep 4
- Geskiedenis van die Bybel 4
- 'n Nuwe lewe om te vier 5
- Bybelstories in Perspektief 5
- Ons Boekhoek 6
- MES 7
- Atletiekfrokkies 7
- Jaarprogram 2025 8


2025:1 MAART 2025

# SIRKELFLITS

# PAASFEES: STERF & OPSTAAN 2025



Hier staan ons weer aan die vooraand van nog 'n Paasfees. Die Kerspapier lê nog langs my lessenaar, en ek wonder of ek dit nie maar net sal hou nie, want die jaar hardloop só vinnig vooruit dat dit amper weer tyd is om iets toe te draai.

Soos Kersfees in die lig van *Geboorte en Wedergeboorte* staan, staan Paasfees in die lig van *Sterf en Opstaan*.

Elke jaar staan die Christelike Kerk stil by hierdie Heilige Tyd waarin ons dink aan Jesus se dood, en wat dit beteken om jouself te gee vir ander. Ja, selfs met die dood. Hoe is dit dat hierdie jongman van Nasaret so oortuig was van dit waarin hy glo dat hy besluit het om nie te keer nie, nie te vlug nie, nie moed op te gee nie en getrou te bly aan sy *'roeping'* sonder om terug te deins van die hoogste prys, naamlik sy eie lewe?

Hoe ouer ek word en hoe meer ek die ou tekste bestudeer, hoe meer is ek in verwondering oor wat Jesus van Nasaret geïnspireer het om te doen, te leer, en te gee wat hy gehad het. In vergelyking met vandag was die samelewing waarin hy geleef het uiters primitief. Soveel wat ons vanselfsprekend aanvaar, was nie eens 'n gedagte in sy tyd nie. Ons druk 'n skakelaar en daar is lig. Ons draai 'n kraan oop en daar is water — skoon water, warm water, genoeg water. Ons wil vir familie gaan kuier 400km van hier, ons klim in die motor en 4 ure later is ons daar. Ons word siek en gaan na 'n hospitaal. Ons verlang na ons kinders en maak 'n video-oproep terwyl hulle duisende kilometers van die huis af sit en ons sien hul lag en stories vertel.

Omdat dit deel van ons daaglikse roetine geword het, dink ons nie eers oor alles wat ons het nie. As ons iets wil weet, gaan ons na die rekenaar. As ons ons kennis wil verbreed, lees ons 'n boek. Ons verstaan soveel oor alles en nog wat, maar praat ons van *'dood en opstanding'* dan verval ons in ou kerktaal sonder om vir 'n oomblik te dink wat beteken dit vir jóú, in jóú lewe. Was jy al spreekwoordelik aan 'n kruis, en gedink dit is die einde? Hoeveel keer al in 'n graf toe jy wou ophou leef?

*"Ek het gekom om vir julle lewe te gee, en dit in oorvloed,"* sê Jesus in Johannes 10:10 — daarom is die *kruis* altyd vir my 'n simbool van LEWE, en die *opstanding* 'n simbool van dood is nooit dood nie. Ja, ons lywe gaan terug in die grond maar LEWE stop nooit nie, want om te lewe is om te God, en om te God is om te lewe.

Daarom hoop ek dat hierdie Paasfees jou weer sal herinner aan die grootste geskenk wat ons ontvang het, naamlik: **LEWE!**

Met liefde uit Tamboerskloof
Terblanche

# WANNEER VIND PAASFEES PLAAS?

Paastyd is een van die hoofvakansiedae of feeste in die Christendom. Vir baie Christenkerke is dit ‘n vreugdevolle einde van die Lydingstyd van vas en boetedoening. Die datum vir Paasfees word elke jaar bepaal deur 21 Maart, die Dag-en-Nag-Eweninge in die Noordelike Halfrond. Paassondag is die eerste Sondag, na die eerste volmaan, na 21 Maart. In die Noordelike Halfrond is lente op pad, maar in die Suidelike Halfrond raak dit herfs en ‘*elke blom word vrug, tot selfs die traagstes; en die blare val’* - Vroegherfs van NP van Wyk Louw

Vir baie is die Pase ook ‘n tyd om te besin oor die betekenis van die lewe en die mag van liefde en vergifnis. Deur die simboliek van die Pase word Christene herinner, al is dinge hoe donker, daar is hoop in die mag van die Opstanding en dus ‘n Nuwe Begin. Sien ook Terblanche se skrywe op bladsy 2.

# PAASTRADISIES OOR DIE WÊRELD HEEN

Daar is baie verskillende religieuse en sekulêre tradisies wat die Paastyd reg oor die wêreld omring. Hier is ‘n paar daarvan:




- Bywoning van kerkdienste om die Opstanding te vier
- Soek van Paaseiers
- Versiering van eiers as Paaseiers
- Paasmandjies met allerhande bederfies daarin
- Lamsvleis by die paasete is ‘n tradisionele paasdis, want dit simboliseer Jesus Christus as **die Lam van God**
- Dra van Paashoede versier met blomme en linte
- Aansteek van kerse gedurende die Paasdiens, want dit simboliseer dat met die Opstanding van Jesus Christus lig oor duisternis seevier.
- Die plant van blomme as simbool van nuwe lewe en wedergeboorte.






# B O E K G R O E P



Die Boekgroep bestaan reeds sedert 28 Mei 2013. Gedurende hierdie 12 jaar is daar al 98 boeke bekendgestel. Alhoewel daar gedurende hierdie tydperk besoeker-aanbieders was, is die meeste van die besprekings gelei deur Boekgroeplede. Die bywoning wissel tussen 10 en 14 lede. Die Boekgroep vergader tans in die sitkamer van die De Rust Aftree-Oord, Queenstraat 2, Durbanville. Daar is ʽn Jaarprogram waarvolgens die besprekings plaasvind en dit word op die liturgie geadverteer.

Die doel van die groep is om lboeke aan die lede bekend te stel. Lede hoef nie vooraf die boek te lees nie alhoewel verskeie lede dit wel doen. Na die bekendstelling volg altyd ʽn lewendige bespreking. Die aanbieder word ook heel dikwels tydens die aanbieding onderbreek om meer duidelikheid oor ʽn aspek of twee te gee.

Versnaperinge word natuurlik na die gesprek geniet en die laaste byeenkoms is op die eerste Saterdagaand in Desember en is ʽn heerlike geselligheid. By hierdie geleentheid word daar nie ʽn boek bespreek nie, maar ʽn Feite, Fiksie & Fabels-aand gehou waartydens al die lede iets moet deel. Dit kan ʽn staaltjie, beriggie, gedig, ensovoorts wees. Kom sluit gerus aan by hierdie wonderlike groep boekliefhebbers.



# WERKSWINKEL:

# GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL

## BESPREEK BY LOURITA: 071 579 4539

**KOSTE PER SATERDAG PER PERSOON - R 250.00**
**PER PAAR PER R400**

**HOOP OM SOVEEL AS MOONTLIK VAN JULLE DAAR TE SIEN!**

### SATERDAG 10 MEI 2025 VAN 9:00 TOT 13:00

Daar sal op die Geskiedenis van die Ou Testament gefokus word:

- begin met Abraham en stap tot by Jesus
- kyk na die invloed van die Sumeriese, Kanaänitiese, Egiptiese en Babiloniese godsdienste op Judaïsme
- blaai deur die historiese boeke, die wysheidsliteratuur, profete, asook die outeurvraagstukke van wie wat geskryf het en wanneer

Die doel is om ʽn begrip te ontwikkel hoe die Ou Testament ŉ 2000 jaarlange geskiedenis bymekaar bring.

### SATERDAG 17 MEI 2025 VAN 9:00 TOT 13:00

Die fokus val op die Geskiedenis van die Nuwe Testament

- begin by Jesus en eindig by Konstantyn (325CE)
- ook die vrae oor wie die Evangelies geskryf het, word verken
- wie Paulus was en waarom soveel van sy briewe in die NT ingesluit is

Die vroeë kerk van die eerste 3 eeue na Christus word dus behandel. Dis ŉ heerlike reis om te bepaal waarom die Bybel steeds belangrik en relevant vir ons as Christene is.

# 'N NUWE LEWE OM TE VIER!

As kind en jongmens was Paasfees eintlik vir my 'n verwarrende naam: fees beteken tog 'n bymekaarkom met familie en vriende, vreugde en 'n vrolike aansit om 'n tafel met heerlike kos. Maar die tradisie wou hê die klem moet op die dood wees (dit maak 'n mens hartseer), maar die vreugde oor die opstanding het jare lank vir my geen werklike feesvreugde laat ervaar nie.

Totdat ek deur Neo-Spektrum van **Richard Rohr en Albert Nolan** se boeke gehoor het. Deur hierdie twee skrywers en nog teoloë met wie ons algaande kennisgemaak het, het ons ook mettertyd 'n nuwe begrip van Jesus se lewe, sy dood en opstanding gekry.

Wanneer mens dieper lees, beter luister, besef jy later die metaforiese waarheid agter die opstandingsverhaal en wat dit vir ons in die 21ste eeu kan beteken. Sy opstanding beteken ons kan ook opstaan en 'n nuwe lewe begin leef soos Jesus: met deernis omgee vir alles en almal – omgee vir die geskape kosmos in geheel, soos Nolan dit so helder verwoord.

Jesus het 'n solidariteit met God ervaar wat sigbaar geword het in sy eie ervaring van die eenheid met die mensdom en natuur; trouens solidariteit met die ganse kosmos, die grootsheid van hoe alle dinge in die heelal ontvou.

Wat 'n lewe om te vier! 'n Fees om ook te beklemtoon dat hy vir ons almal so 'n lewe bied.



Chrisna Smuts



By die Boekgroep op Maandag 10 Maart 2025 is Izak Spangenberg se boek,

## *BYBELSTORIES IN PERSPEKTIEF*

(Naledi, 2021) deur Theuns Moolman behandel. Hierdie sagte band van 83 bladsye is verdeel in 8 hoofstukke.

Sakkie Spangenberg hervertel enkele bekende Bybelstories en probeer om op 'n nuwe manier iets te sê van die aarde waarop ons leef en die heelal waarvan ons deel is. Hy doen dit deur telkens twee stories te vertel – eers 'n baie ou Bybelse storie en dan 'n nuwe wetenskaplike een. Tussendeur verwys hy ook graag na David Kramer se lied getiteld "Die ou aarde". Hy hoop dat die stories en die lied kinders met nuwe oë na die aarde en alles daarop sal laat kyk.

Al 8 hoofstukke word elkeen in 2 stories verdeel

1. Die storie van die plat aarde / van die ronde aarde
2. Die storie van die jong aarde / van die baie ou aarde
3. Die storie van die 7 dae / van die miljoene dae
4. Die storie van 2 mense en 'n tuin / van baie mense en 'n kontinent
5. Die storie van reusemense / van reuse reptiele
6. Die storie van uitwissing van lewe / van 5 groot uitwissing van lewe
7. Die storie van son wat stilstaan / van die draaiende melkweg
8. Die storie wanneer mense Bybelstories verkeerd lees

Hierdie boek van Izak Spangenberg kan mens tereg beweer dat dit ook 'n belangrike inleidende rol kan speel vir tuisonderrig spesifiek ook vir volwassenes. Nie alleen bied dit interessante leesstof nie, maar Izak poog ook daarmee om gewone mense iets van die kompleksiteit van die ontwikkelende wetenskap te help verstaan.

Ten slotte dalk is hierdie boek meer geskik vir nuuskierige en leergierige volwassenes as vir kinders.



Theuns Moolman

Byvoeging deur redaksie:

*Ben duToit*, bekende teoloog, se resensie oor hierdie boek kan gelees word by: https://www.litnet.co.za/bybelstories-in-perspektief-deur-sakkie-spangenberg-n-lesersindruk-2/

*Marthie Momberg*, PhD in Teologie, lewer kommentaar op Perspektiewe...

*Dis 'n baie belangrike en nodige bydrae, baie dankie Sakkie.*

'n Anonieme lesersindruk:

*"Om met 'n kritiese oog na die Bybel te kyk, maar ook om die historiese skat van antieke verhale daarin te kan ken, en te kan herwaardeer, is die twee grootste gedagtes wat Bybelstories in perspektief opnuut by my laat."*






# ONS BOEKEHOEK

**Lize-Mari du Plessis**



Die eerste twee boeke wat ek hierdie maand aanbeveel handel oor baie swaar onderwerpe, maar die derde boek is baie ligter leesstof. Ek weet julle sal dit geniet!


## 1. A LITTLE LIFE *Hanya Yanagihara,* 1958




Hierdie verhaal draai om die baie noue band tussen 4 universiteitsvriende: JB, Malcolm, Willem en Jude. Hulle paadjies word dwarsdeur hul lewens verbind vir meer as 40 jaar en dit word duidelik dat Jude die sentrale karakter is wat die skakel vorm tussen die 4.


Jude is die mees teruggetrokke en gereserveerd van die karakters, en het 'n verlede wat gevul is met trauma en geestesversteuring. Hierdie boek raak temas aan wat ek nog nooit in fiksie gelees het nie, en dit is op verskeie plekke so skokkend dat ek soms die boek eers bietjie moes neersit. Tog voel ek dis temas wat belangrik is vir bespreking, ongeag hoe ontstellend. Dis behalwe vir die rou, skokkende storie ook 'n verhaal van liefde en hoe dit iemand kan heelmaak…al is dit net gedeeltelik.

## 2. A THOUSAND SPLENDID SUNS *Khaled Hosseini*





Khaled Hosseini is 'n Afghan-Amerikaanse skrywer. Hierdie verhaal is oor die unieke en noue vriendskap gevorm deur 2 vroue: Miriam kom uit 'n arm agtergrond en is in 'n georganiseerde huwelik met Rasheed, 'n man wat 30 jaar ouer as sy is. Na baie hartseer jare se mislukte pogings om kinders te hê, kom Laila in die prentjie. Sy word ook weens 'n familietragedie in 'n huwelik met Rasheed gedwing. Die voorneme is dat sy aan hom die kind sal gee wat Miriam nie kon nie. Sy is net 14 jaar oud, en dus 'n hele paar jaar jonger as Miriam. Hulle vorm 'n baie nou ma-en-dogterverhouding en beskerm mekaar in 'n land waar die vrou geen sê het nie.

## 3. THE HITCHHIKER'S GUIDE TO THE GALAXY *Douglas Adams*




Hierdie is die perfekte boek om te lees wanneer mens bietjie wil afskakel en net lag en lekkerkry. Wanneer ek dit lees, kan ek steeds nie glo dis in 1979 geskryf nie…en ja, ek het dit al paar keer gelees. Douglas Adams is geniaal wanneer dit kom by humor. Hier is een van my gunsteling aanhalings: 'In the beginning the Universe was created. This has made a lot of people very angry and has been widely regarded as a bad move.'

The Hitchhiker's Guide to the Galaxy is deel van 'n trilogie…wat bestaan uit 5 boeke: net om verder by te dra tot die lekker belaglikheid van die reeks. Die storie gaan oor Arthur Dent wat haweloos gelaat word nadat die aarde verwyder is om plek te maak vir 'n hoofweg deur die heelal. Hy word gedwing om duim te gooi en kry 'n geleentheid op 'n ruimteskip vol interessante karakters: my gunsteling is verreweg Marvin, 'n robotjie wat lei aan kroniese depressie. Arthur en sy nuwe vriende reis deur die heelal op soek na die antwoord op die grootste vraag: Wat is die doel van die lewe, die heelal en alles daarbinne?



Hierdie boek is heerlike ligte vermaak, maar ook absoluut briljant geskryf. Dis duidelik hoekom hierdie reeks groot kultusstatus verwerf het, en hoekom Douglas Adams in dieselfde asem genoem word as Sir Terry Pratchett.

Dear Valued Supporter,

I hope this message finds you well. My name is Luba Nyathi, and I am thrilled to introduce myself as the new Development & Marketing Manager at Mould Empower Serve (MES). It is an honour to join this incredible team and, most importantly, to connect with dedicated supporters like you who help bring our vision of Changing the Heart of the City to life.

Your generosity continues to make a profound impact as we work to transform lives and uplift vulnerable communities. I am eager to collaborate with you and build on the successes we have achieved together.

In the coming weeks, I will be reaching out to share updates on our initiatives and explore ways we can strengthen our partnership. I would also love to hear more about what inspires your support and any ideas you may have on how we can enhance our efforts.

Please feel free to reach out to me anytime at luba@mes.org.za or 065-738-1337—whether you have questions, feedback, or simply want to connect.

Thank you once again for your generosity and unwavering commitment. I look forward to working together to continue changing the heart of our cities and creating an even greater impact in future.

Warm regards,

Ms. Luba Nyathi
Development & Marketing Manager
Mould Empower Serve (MES)

MES
Changing the heart of the city!

NS het deur sy ander entiteit, NS for Humanitarian Poverty Relief, maandeliks 'n bydrae tot MES gemaak, maar Covid het die speelveld ook vir NS verander; gevolglik moes ons die bydraes aan MES staak.
**Miskien wil Sirkelvriende dalk 'n bydrae maak.**
Redaksie

## SPORTONTWIKKELING: LANDELIKE SKOLE

Else-Helene Loubser




Heel regs staan Brendon Faro in sy DRS frokkie. Hy het 'n tweede plek in die 0/13 1500m stap behaal en deurgedring na die MNED-byeenkoms in Atlantis.

Die landelike skole het 'n versoek om hulp met aankoop van atletiekklere aan NS gerig. Hulle - Attie Van Wyk, Klipheuwel, Fisantekraal, Vissershok en Valley Primêr het hierdie jaar in 'n byeenkoms in die noordsone as 'n gesamentlike groep onder DRS - Durbanville Rural Schools - deelgeneem. Die motivering was om hulle 'n meer eenvormige groep te maak, i.p.v. net 'n paar atlete uit elke klein skooltjie. Dit het met groot druk gepaard gegaan en meeste verskaffers kon nie help voor die byeenkoms nie.

Maar soos altyd, het die regte mense op die regte tyd oor ons pad gekom. Daarvoor is ons baie dank verskuldig aan Brink Krige van Meastro Rugby wat die wonderwerk laat gebeur het om 'n klomp minderbevoorregte atlete se harte bly te maak.

Neo-Spektrum het die deposito vir die 80 hempies op 28 Januarie 2025 betaal, op 4 Februarie is die atletiekfrokkies afgelewer en op 8 Februarie het DRS deelgeneem! Ons glo dit het, en gaan in die toekoms 'n verskil maak om die leerders deel te maak van 'n groter gemeenskap waar hulle ondersteun en geliefd sal voel.

Behalwe Brendon Faro (op foto) het Tyler Radloff 'n derde plek in hoogspring vir seuns 0/10 behaal.

Groot dank vir ondersteuning deur die Durbanville Mountain Bike Klub.

# Neo-Spektrum Jaarprogram 2025

| DATUM | PROJEK | INLIGTING |
|---|---|---|
| Deurlopend | ***Wysheidsirkel*** | Elke Sondag 10:00 |
| Soos aangedui | ***Boekbesprekings*** | 1ste Maandag van die Maand 19:00<br>Queenstraat, De Rust H09, Durbanville |
| Soos aangedui | ***Gespreksgroepe*** | Noordelike Voorstede 19:15<br>Lees A Course in Miracles<br>Laaste Donderdag van maand |
| | | Welgemeend Huis, Tamboerskloof 18:00<br>Informele gesprek oor christelike spiritualiteit |
| **Skoolkwartaal** | **15 Januarie - 28 Maart** | **(01/01 Nuwejaar; 21/03 Menseregtedag)** |
| 22-Jan | **UK Vergadering** | 19:00 - 22:00 |
| **School Term** | **8 April - 27 Junie (18/4 Goeie V; 21/4 Fam.; 27 tot 30/4 Vryh. Spes; 1 +2/5 Werkers; 16/6 Jeug)** | |
| 13-Apr | ***Gewone Jaarvergadering*** | Direk na Wysheidsirkel by Kolping |
| 7 Mei | **UK Vergadering** | 19:00 - 22:00 |
| 10 Mei | ***Werkswinkel:*** | Werkswinkel in 2 sessies aangebied |
| | ***Geskiedenis van die Bybel Ou Testament*** | 09:00 - 13:00 by Kolping |
| 17 Mei | ***Werkswinkel:*** | Werkswinkel in 2 sessies aangebied |
| | ***Geskiedenis van die Bybel Nuwe Testament*** | 09:00 - 13:00 by Kolping |
| **Skoolkwartaal** | **22 Julie - 3 Oktober (9/8 Vrouedag; 24/9 Erfenisdag)** | |
| 27-Jul | ***Sosiale Funksie*** | Nog in beplanning |
| 17-Sep | **UK Vergadering** | 19:00 - 22:00 |
| **School Term** | **13 Oktober - 12 Desember (16/12 Versoen; 25/12 Kersfees; 26/12 Welwillenheid)** | |
| 26-Oct | **UK-Jaareindfunksie** | 12:00 - 15:00 |
| 5-Nov | **UK Vergadering** | 19:30 - 22:00 |
| 8-Nov | **Somerfees** | Lekker samesyn |
| 7-Dec | ***Algemene Jaarvergadering*** | Direk na Wysheidsirkel by Kolping |

**B E S O E K   D I E   W E B B L A D   V A N   N E O - S P E K T R U M**

**https://neospektrum.co.za/   waar dar 'n skakel na NS se facebookblad is**